Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 716 26 February Februarie 2025 No. 52183

ISSN 1682-5845

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

NO FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

No.		Gazette No.	Page No.
GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS			
Transport, Department of/ Vervoer, Departement van			
5907	South African National Roads Agency Limited and the National Roads Act (7/1998): Various Declarations	52183	3
5907	Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie Wet (7/1998): Verskeie Verklarings	52183	5

DEPARTMENT OF TRANSPORT

NO. 5907 **26 February 2025**

THE SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY SOC LIMITED

Registration No: 1998/009584/30

A. DECLARATION OF EXISTING PROVINCIAL ROAD P34 SECTION 2 AS NATIONAL ROAD R52 SECTION 2 – DISTRICTS OF NGAKA MODIRI MOLEMA AND BOJANALA IN THE PROVINCE OF THE NORTH WEST.

By virtue of Section 40(1)(a) of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998), I hereby declare:

Road R52 Section 2, also known as Provincial Road P34 Section 2, as declared by Provincial Notice No. 1031 of 1983, 1232 of 1977, 1515 of 1984, 1516 of 1984 and all other Administrator's Notices which might be relevant to this section of road, commencing from the intersection with National Road R52 Section 1, in Lichtenburg, from where it proceeds along the streets known as Nelson Mandela Drive and Gerrit Maritz Street, at time of declaration, in Lichtenburg, continuing in a general easterly direction along the Provincial Road P34 Section 2, it enters the town of Koster from the west along the street known as Duister Eloff Street, at time of declaration, up to the intersection with Road R509, in the town of Koster it also follows the street known as Brook Street, from the intersection with the street known as Duister Eloff Street, at time of declaration, up to the street known as Rissik Street, at time of declaration, as a National Road.

[National Road R52 Section 2: Lichtenburg - Koster, a distance of approximately 86.53km]

B. DECLARATION OF EXISTING PROVINCIAL ROAD P28 SECTION 4 AS NATIONAL ROAD R503 SECTION 3 – DISTRICT OF NGAKA MODIRI MOLEMA IN THE PROVINCE OF THE NORTH WEST.

By virtue of Section 40(1)(a) of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998), I hereby declare:

Road R503 Section 3, also known as Provincial Road P28 Section 4, as declared by Provincial Notice No. 97 of 2019, 4 of 2014, 284 of 1954, 157 of 1944 and all other Administrator's Notices which might be relevant to this section of road, commencing from the intersection with National Road R505 Section 6, also known as Thabo Mbeki Drive, at time of declaration, in Lichtenburg, from where it proceeds in a general north westerly direction along Provincial Road P28 Section 4, it enters the town of Mahikeng from the south along the street known as Nelson Mandela Drive, at time of declaration, up to the intersection with the street known as Shippard Street, at time of declaration, as a National Road.

[National Road R503 Section 3: Lichtenburg – Mahikeng, a distance of approximately 62.19km]

C. DECLARATION OF EXISTING PROVINCIAL ROAD P23 SECTION 1 AS NATIONAL ROAD R504 SECTION 2 – DISTRICTS OF DR RUTH SEGOMOTSI MOMPATI AND DR KENNETH KAUNDA IN THE PROVINCE OF NORTH WEST.

By virtue of Section 40(1)(a) of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998), I hereby declare:

Road R504 Section 2, also known as Provincial Road P23 Section 1, as declared by Provincial Notice No. 2 of 2014, 70 of 1930, 228 of 1984, 831 of 1985, 1947 of 1973 and all other Administrator's Notices which might be relevant to this section of road, commencing from the intersection with National Road R34 Section 1, also known as Olivier Street, at time of declaration, in Schweizer Reneke, from where it proceeds along the street known as Schweizer Street, at time of declaration, in Schweizer Reneke, continuing in a general easterly direction along the Provincial Road P23 Section 1, up to the intersection with National Road R505 Section 4, also known as Kruger Street, at time of declaration, in Wolmaransstad, as a National Road.

[National Road R504 Section 2: Schweizer Reneke - Wolmaransstad, a distance of approximately 67.5km]

D. DECLARATION OF EXISTING PROVINCIAL ROAD P28 SECTION 5 THROUGH THE TOWN OF MAHIKENG AS NATIONAL ROAD N18 SECTION 7 - DISTRICT OF NGAKA MODIRI MOLEMA IN THE PROVINCE OF NORTH WEST.

By virtue of Section 40(1)(a) of The South African National Roads Agency Limited and National Roads Act, 1998 (Act No. 7 of 1998), I hereby declare:

Road N18 Section 7, also known as Provincial Road P28 Section 5, as declared by Provincial Notice No. 97 of 2019 and all other Administrator's Notices which might be relevant to this section of road, commencing from the intersection with the street known as Shippard Street in Mahikeng, at time of declaration, from where it proceeds in a general northerly direction along the street known as Nelson Mandela Drive, at time of declaration, and along Provincial Road P28 Section 5 up to the intersection with existing National Road N18 Section 7, as a National Road.

[National Road N18 Section 7: Mahikeng – Ramatlabama Border Post, a distance of approximately 8.23km]

MINISTER OF TRANSPORT

DEPARTEMENT VAN VERVOER

NO. 5907 **26 Februarie 2025**

DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

Registrasie No: 1998/009584/30

A. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD P34 SEKSIE 2 AS NASIONALE PAD R52 SEKSIE 2 – DISTRIKTE VAN NGAKA MODIRI MOLEMA EN BOJANALA IN DIE PROVINSIE VAN DIE NOORD-WES.

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Pad R52 Seksie 2, ook bekend as Provinsiale Pad P34 Seksie 2, soos verklaar deur Provinsiale Verklaring No. 1031 van 1983, 1232 van 1977, 1515 van 1984, 1516 van 1984 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die interseksie met Nasionale Pad R52 Seksie 1, in Lichtenburg, daarvandaan langs die strate bekend as Nelson Mandela Rylaan en Gerrit Maritzstraat, tydens datum van verklaring, in Lichtenburg, daarvandaan verder in 'n algemene oostelike rigting met die Provinsiale Pad P34 Seksie 2, dit kom die dorp van Koster binne vanuit die weste langs die straat bekend as Duister Eloffstraat, tydens datum van verklaring, tot by die interseksie met Pad R509, in die dorp van Koster volg dit ook die straat bekend as Brookstraat, vanaf die interseksie met die straat bekend as Duister Eloffstraat, tydens datum van verklaring, tot by die straat bekend as Rissikstraat, tydens datum van verklaring, as 'n Nasionale Pad.

[Nasionale Pad R52 Seksie 2: Lichtenburg - Koster, 'n afstand van ongeveer 86.53km]

B. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD P28 SEKSIE 4 AS NASIONALE PAD R503 SEKSIE 3 – DISTRIK VAN NGAKA MODIRI MOLEMA IN DIE PROVINSIE VAN DIE NOORD-WES.

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Pad R503 Seksie 3, ook bekend as Provinsiale Pad P28 Seksie 4, soos verklaar deur Provinsiale Verklaring No. 97 van 2019, 4 van 2014, 284 van 1954, 157 van 1944 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die interseksie met Nasionale Pad R505 Seksie 6, ook bekend as Thabo Mbeki Rylaan, tydens datum van verklaring, in Lichtenburg, daarvandaan in 'n algemene noord-westelike rigting met die Provinsiale Pad P28 Seksie 4, dit kom die dorp van Mahikeng binne vanuit die suide langs die straat bekend as Nelson Mandela Rylaan, tydens datum van verklaring, tot by die interseksie met die straat bekend as Shippardstraat, tydens datum van verklaring, as 'n Nasionale Pad.

[Nasionale Pad R503 Seksie 3: Lichtenburg – Mahikeng, 'n afstand van ongeveer 62.19km]

C. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD P23 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R504 SEKSIE 2 – DISTRIKTE VAN DR RUTH SEGOMOTSI MOMPATI EN DR KENNETH KAUNDA IN DIE PROVINSIE VAN DIE NOORD-WES.

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Pad R504 Seksie 2, ook bekend as Provinsiale Pad P23 Seksie 1, soos verklaar deur Provinsiale Verklaring No. 2 van 2014, 70 van 1930, 228 van 1984, 831 van 1985, 1947 van 1973 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die interseksie met Nasionale Pad R34 Seksie 1, ook bekend as Olivierstraat, tydens datum van verklaring, in Schweizer Reneke, daarvandaan langs die straat bekend as Schweizerstraat, tydens datum van verklaring, in Schweizer Reneke, daarvandaan verder in 'n algemene oostelike rigting met die Provinsiale Pad P23 Seksie 1, tot by die interseksie met Nasionale Pad R505 Seksie 4, ook bekend as Krugerstraat, tydens datum van verklaring, in Wolmaransstad, as 'n Nasionale Pad.

[Nasionale Pad R504 Seksie 2: Schweizer Reneke - Wolmaransstad, 'n afstand van ongeveer 67.5km]

D. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD P28 SEKSIE 5 DEUR DIE DORPSGEBIED VAN MAHIKENG AS NASIONALE PAD N18 SEKSIE 7 – DISTRIK VAN NGAKA MODIRI MOLEMA IN DIE PROVINSIE VAN DIE NOORD-WES.

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Pad N18 Seksie 7, ook bekend as Provinsiale Pad P28 Seksie 5, soos verklaar deur Provinsiale Verklaring No. 97 van 2019 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met die straat bekend as Shippardstraat in Mahikeng, tydens datum van verklaring, daarvandaan verder in 'n algemene noordelike rigting met die straat bekend as Nelson Mandelaweg, tydens datum van verklaring, en volg die Provinsiale Pad P28 Seksie 5, tot by interseksie met die bestaande Nasionale Pad N18 Seksie 7, as 'n Nasionale Pad.

Nasionale Pad N18 Seksie 7: Mahikeng – Ramatlabama Grenspos, 'n afstand van ongeveer 8.23km]

MINISTER VAN VERVOER

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**